
Junie / June 2023

SSK

# wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Johannes 8:12: En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.



"Janneman" Foto: Christene Vosloo

# — GRAANDIENSTE IN DIE KOLLIG —





SSK GRAAN

By tye van die berig is die plantseisoen verby en ons graan produsente sien uit na 'n groeiseisoen met gunstige klimaattoestande. Saam met 'n gunstige seisoen kom goeie oeste en dit is vir SSK prioriteit dat ons produsente die gerusstelling het dat hulle oeste na die beste van Graandienste se vermoë hanteer sal word. Daarom is dit nou belangrik om vars nuus met ons produsente te deel oor uitbreidings reeds voltooi asook in die pyplyn.

By Protem silo is die 10,000 ton bunker, met aflaai kapasiteit van 270 ton per uur afgehandel, en is daar die afgelope seisoen reeds 10,949 ton hanteer in dié bunker. Fase 2 wat die oprigting van 'n addisonele 16,000 ton (8 x 2,000 ton) opbergingskapasiteit behels, sal teen 30 September 2023 afgehandel wees. Swellendam silo het 20.000 ton addisionele kapasiteit bygekry, wat reeds operasioneel was met die 2022 inname seisoen en 21,948 ton is ontvang in hierdie 10 buise.

Die nuwe voorskoonmaker van 120 ton per uur, wat die innamespoed aansienlik sal verhoog, behoort teen 30 Augustus 2023 voltooi te wees. Die sakdepot langs Agriland Swellendam gaan ook veranderings ondergaan en 'n nuwe aflaai-hopper met 'n kapasiteit van 300 ton per uur, soortgelyk aan die aflaai-hopper by Protem silo, behoort teen 30 Julie 2023 operasioneel te wees.

By Krombeksrivier silo is die oprigting van 6,000 ton addisionele opbergingskapasiteit in proses, vir voltooiing teen 30 September 2023.

By Albertinia silo is 7,000 ton addisionele opbergingskapasiteit afgehandel wat operasioneel sal wees vir die komende seisoen. Die skuif van die 12 ton per uur GSI droër vanaf die Karringmelksrivier silo na die Albertinia silo, om sodoende die drogings kapasiteit by Albertinia silo te verdubbel, behoort voltooi te wees teen 23 Augustus 2023.

GRAANBEMARKING

Met 'n graanmark en waardeketting wat voortdurend verander en baie volatiel is, is dit uiters noodsaaklik dat ons lede en kliënte ten beste toegerus is met betrekking tot risiko bestuur en gepaardgaande besluitneming.

Om te verseker dat SSK, sy lede en kliënte, langtermyn volhoubaar bly, is 'n Kommoditeits-Spesialis aangestel vanaf 1 Junie 2023, om behulpsaam en ondersteunend te wees met mark inligting, risiko instrumente en bemarking van graan aan alle belanghebbendes. Ons berig in 'n volgende uitgawe meer hieroor.

GRAAN LOGISTIEK

Een van die grootste uitdagings in vandag se landbou omgewing is logistiek en SSK beoog om fokus te plaas op die logistieke skakel binne die graanwaarde-ketting. Alhoewel huidiglik beperk en nog in die groeifase, nooi SSK u uit om ons te kontak indien u behoefte het aan die vervoer van graan.

SSK VEEVOER VERVAARDIGERS

SSK Veevoer Vervaardigers het die afgelope jaar goeie groei getoon en kan steeds spog dat kwaliteit ononderhandelbaar is en dat pryse vir lede en kliënte uiters mededingend is. Hou gerus hierdie spasie dop vir toekomstige opwindende nuus!

SSK SAAD

Ten spyte van die uitdaging rondom die beskikbaarheid van sekere kanola kultivars, kon SSK Saad daarin slaag om aan die behoefte te voldoen om betyds kanola saad te lewer aan ons lede en kliënte.

Gesprekke is reeds in wording met saad maatskappye en -verskaffers om te verseker dat kanola saad in die toekoms op 'n meer gestruktureerde grondslag gewaarborg en gelewer sal word.

Voldoende koring-, gars-, hawer- en ander weidingsgewasse saad was, en is ook deurentyd beskikbaar. SSK Saad is trots om ononderhandelbare kwaliteit saad te verwerk en aan al ons lede en kliënte te voorsien.

Ons sien saam met u uit na wat beloof om 'n baie goeie produksie jaar te wees. Mag u vennootskap met SSK groot vrug dra in die komende oesseisoen, en met ons leuse van "Werk saam, wen saam" in gedagte, is ons verseker van langtermyn volhoubaarheid.



*- Pieter Malan*
*Hoofbestuurder: Graandienste*

# JOHAN DU PISANI VAN DAMPLAAS, TRAKA



V.l.n.r.: Louis, Dehan, Deone, Dirk en Johan du Pisanie

Weinig mense sal Traka of Vondeling in die Oos-Kaap op 'n landskaart kan vind. Die Trakarivier ontspring tussen Beaufort-Wes en Meiringspoort en loop dan ooswaarts in Willowmore se rigting. Dit sluit uiteindelik by die Olifantsrivier aan wat die Stompdriftdam by De Rust voed. Suid van Vondeling is die Slypsteenberge wat deel van die Swartbergreeks is en die ou spoorwegstasie Toorwater, (waar die bekende film Paljas in 1997 verfilm is). Noord van Vondeling lê Rietbron in die Groot-Karoo. Hier is reën skaars en lewensbloed vir mens en dier. Gemiddeld 250mm per jaar, as hulle gelukkig is.

Ek ry Vondeling toe om Johan en Deoné du Pisani van Damplaas te gaan besoek. Die 95km grondpad tussen Klaarstroom en Willowmore is ver van alles af en selfoon-ontvangs bestaan nie. Die heel pad wat ek soontoe en terug ry, kom daar geen ander voertuig van voor af nie en 3 Klipspringers spring vanuit die niet voor die kar in en gaan staan in die Karoorandjies om my te bekyk. Dit is Angora- en skaapwêreld dié. Johan herinner my daaraan dat die gebied tussen Willowmore en Aberdeen die beste kwaliteit bokhaar ter wêreld lewer en dat Suid-Afrika in 2022 verantwoordelik was vir 51% van die globale lewering. Johan voldoen vrywillig aan die Responsible Mohair Standard (RMS) wat die diere welstand, grondbestuur en sosiale vereistes op 'n plaas oudit en akkrediteer.

Johan is 'n man wat al baie hoede met sukses opgesit het. In 1991, na 'n 2-jaar landboudiploma by Grootfontein, begin hy as Plaasbestuurder in Hanover. Sy aardse besittings was net 'n tas met klere, R70 in sy beursie en 'n brandende begeerte om soveel as moontlik te leer, sodat hy eendag sy eie grond kon besit. Na 'n paar jaar word hy Veevoerbestuurder in Volksrust en begin in 1995 saam met 'n vennoot 'n Veevoerfabriek in Middelburg Oos-Kaap. Die val van die volstruisbedryf en die droogte in die Karoo in die laat 90's dryf Johan noodgedwonge na ander weivelde. In 1999 koop hy die ou Protea-hotel in Middelburg Oos-Kaap en betree die toerisme bedryf. Dit was jare van swoeg en sweet, maar die risiko het goeie resultate opgelewer en vandag besit hy en Deoné die Karoo Country Inn Hotel, Karoo Ouberg Lodge en 'n aantal residensiele en industriële persele in Middelburg. Deoné doen al die administratiewe werk en hou haar vinger op die pols.

Deur die jare het Johan steeds sy eerste liefde, boerdery, uitgeleef en verskeie plase in Middelburg, Rietbron, Aberdeen en Willowmore gehuur en besit. Covid in 2020 maak egter die toerisme kraantjie toe en die 8-jaar lange droogte in die Karoo tref die Du Pisani's sleg. Johan vertel met dankbaarheid van die voerskenkings van SSK en boere uit die Overberg wat hom in daardie nood gehelp het om die wa deur die drif te trek. Hy is sedert 2010 'n SSK-lid en vertel dat sy fasiliteite min was toe hy by SSK 'n tweedehandse trekker en voermenger koop en SSK dit op die plaas kom aflewer het. Intussen het dit goed gereën in die Karoo en tans gaan dit weer besonder goed. Hy het besluit om te konsolideer en fokus tans al sy aandag wat die boerdery betref op sy plase in die Vondeling omgewing waar sy oupa aan sy ma se kant ook grootgeword het. Hier boer hy met Angorabokke, Merino skape, Meatmasters en wild.

Hy en sy buurman, Johan van der Schyff, het in 2018 'n vennootskap gevorm en boer op 10 000 hektaar met n Angora stoet op Tuintjieskraal, Vondeling. Johan van der Schyff was in 2019 die Nasionale Jongboer van die Jaar en is ook 'n SSK lid wat sy belange tussen Plettenbergbaai en Vondeling verdeel.

Johan vertel van die Angora Stoet maatskappy, Karoo Angoras, wat hy en Johan saam met vennote uit Hanover, Willowmore, Rietbron, Aberdeen en Nelspoort gestig het. Elke jaar in Februarie verkoop hulle 120-stuks top ramme op hul produksieveiling. Die ramme word op 'n wetenskaplike gefundeerde wyse geïdentifiseer en geteel en is baie gesog onder Angoraboere.

Johan glo in die toekoms van boerdery in Suid-Afrika, maar dan moet 'n boer selfversorgend en onafhanklik wees in terme van elektrisiteit, infrastruktuur en arbeid. Hulle het 3 seuns, waarvan die jongste seun Dehan, na verwagting by hulle sal aansluit in 2025 na voltooiing van 'n landbougraad op Stellenbosch.

Ek ry weg met die water wat blink op Damplaas se dam. Johan du Pisani is 'n man wat al 4 Comrades Marathons voltooi het. Opgee by hom is min en aanhou is 'n gegewe.

*- Annelie van Wyk*
*Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie*





FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

# WILNA VAN DER MERWE

## PERSOONLIKE ASSISTENT

**VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN**

Ek het grootgeword op die pragtige dorp, Montagu. Na matriek het ek 'n sekretariële kursus voltooi by die destydse Tygerberg Tegniese Kollege in Parow.

Ek en my man, Thys, het mekaar op Swellendam ontmoet en is sedert 1983 op Swellendam. Ons het twee kinders, Paul en Maretha en 2 pragtige kleinkinders, Liezl en MJ, onderskeidelik 3 en 4 jaar oud. Ons geniet altyd elke moontlike oomblik saam met hulle.

**WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?**

Ons is lief vir die natuur, die buitelewe, stap en 'n vuurtjie sal altyd brand as dit kan. Ons kamp graag saam met die kinders, kleinkinders en vriende. Verder geniet ons, ons plekkie, Utopia, buite Swellendam en spandeer baie van ons tyd daar.

**KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER**

Ek het my kursus/eksamen klaargemaak in die laaste week van November 1983 en op 1 Desember 1983 het ek begin werk by SSK. Die Saterdag van my onderhoud by die SSK kantoor, wat heelwat anders gelyk het as vandag, het dit vreeslik gereën. Dit was ten tye van die Braambessiefees wat daardie jare nog gehou is.

Ek het 'n pos in die Rekenaarafdeling gekry en onthou nog die ronde plat diskette waarop al die inligting na elke werksdag vasgelê is in die rekenaarkantoor. Die outydse skakelbord wat nog daardie jare in werking was, onthou ek ook soos gister.

Kort daarna is ek aangestel as Tikster by die "Inkomstebelasting-afdeling" en 'n paar jaar later het ek die pos as Sekretaresse/Ontvangsdame aanvaar. Só het my loopbaan begin en geëindig. Vandag is dit 39 jaar en ses maande later en ek is nog steeds hier tot en met my aftrede later vandeesmaand!

**GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE**

Ek was bevoorreg om Sekretaresse te wees vir Mnr. Johann Swart (Hoofbestuurder) en toe later vir Mnre. Erenst Pelser en Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beamptes). Ek was die volle 24 jaar wat Mnr. Pelser SSK bestuur het, sy Persoonlike Assistent. Voorwaar 'n voorreg om vir 3 van die 6 Hoof-bestuurders in SSK se bestaan te kon werk. Ek het baie respek en waardering vir al 3 van hulle.



V.l.n.r.: Maretha, Wilna, MJ, Liezl, Thys, Paul en Celeste (Skoondogter)

Die geleentheid het my ook te beurt geval om nog vir die laaste rukkie van my loopbaan deel te wees van die nuwe SSK Hoofbestuurspan, wat tans uit 4 lede bestaan. Ek het ook die voorreg gehad om saam met 'n hele aantal SSK Direkteure te werk deur die jare.

In 2018 het ek die Hoofbestuurstoekenning tydens die Algemene Jaarvergadering ontvang, saam met 4 ander kandidate. Ek is baie dankbaar daarvoor.

**WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?**

Ek is optimisties en vol hoop oor die toekoms van SSK en sy filiale. SSK het gegroei van 'n klein koöperasie tot 'n groot suksesvolle en dinamiese landboubesigheid.

Met al die geleenthede om nog groter te raak en uit te brei, voorspel ek dat SSK beslis dié landboubesigheid in Suid-Afrika gaan word.

**WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?**

Poog om lesse uit gister te leer, leef vir vandag, en vestig jou hoop op môre.



Baie geluk aan Gerdus Steyn wat op 1 Mei 2023 bevorder is tot Senior Bestuurder: Saad. Hy het baie jare se kennis en ondervinding van die graan-, veevoer- en saadbedryf en is 24 jaar werksaam by SSK.

# SANET MULLER VAN ROODEHOOGTE, HERBERTSDALE, IS "*LANKAL MOOI*"



Sanet en Callie Muller van Roodehoogte, Herbertsdale.

In die SSK-streek is daar talle vrouens wat op die plaas woeker vir 'n ekstra inkomste. Besigheidsvrouens in eie reg, wat geleenthede op die plaas identifiseer en benut. Sanet Muller van die plaas Roodehoogte op die Herbertsdale-pad, is een so 'n vrou. 'n Agtermekaar vrou wie se hande vir niks verkeerd staan nie en wat 'n hele paar ysters in die vuur laat gloei. Haar man Callie Muller se oë blink wanneer hy vertel hoe hy dit geniet dat sy vrou haar passies uitleef en hom ondersteun in moeilike tye.

Sanet vertel dat sy op die destydse Kaapse Technikon, Voedsel en Klere Tegnologie studeer het. Daarna het sy dadelik aanhou studeer en het ook as Haarkapper kwalifiseer. Sy was 'n plaasnooi Schutte van Willowmore en vertel dat sy Callie ontmoet het toe sy in st.4 (graad 6) was . Hy was toe saam met haar broer op Oakdale en het daardie selfde naweek vir sy toekomstige skoonma gevra om "tog die ou dogtertjie vir my groot te maak". Sy en Callie het vandag 3 seuns: Andreas is in Graad 11 in Oakdale, Schutte studeer Landbou op Stellenbosch en Gerick doen prakties as Diesel Werktuigkundige in Ellisras.

Sanet het in 2020 by Jakkalsvlei deelgeneem aan 'n Kersmark en het daarna onder die naam "Lankal Mooi" aanlyn besigheid begin doen. Haar produkte is werklik mooi en is alles wat nostalgies en sentimenteel is en wat uit die ou dae dateer. (Die tipe item waaroor dogters en skoondogters eendag gaan vuisslaan). Ou gestreepte koekblikke, teestelle, glase, kom-en-bekers, ens. Te veel om op te noem en 'n gevaarlike plek vir iemand wat nie by iets uit ouma-se-kombuis kan verbyloop nie.

Tydens die Inperking was sy baie gefrustreerd en haar brein het oortyd begin werk aan idees wat haar kreatiewe besigheidsin kon prikkel. Naby die grootpad voor die huis op Roodehoogte staan 'n ou waenhuis wat uit 1935 dateer. Die waenhuis is gebou deur Callie se oupa George (Ge-org) Frederick Muller wat op daardie stadium 'n splinternuwe 1935 Ford gekoop het en dit onderdak wou bêre. In 2020 was die waenhuis vol ou trekkers en -motors en die vloer was gevlek van aalwynsap wat in aalwynblikke gestoor is, nadat die aalwyn getap is. Callie en Sanet het dadelik ingespring en die ou trekkers na 'n ander waenhuis verskuif. Die balke en mure is wit geverf en die vloere is geskrop, sodat die aalwynvlekke vandag soos ontwerpersvloere lyk. En siedaar! Die "*Lankal Mooi*" padstal is gebore. Sanet snuffel haar produkte oral uit. By tweedehandse winkels op die platteland, by veilings en waar sy ookal lont ruik dat daar 'n winskopie is.

Ek ry weg by Roodehoogte met 'n nuwe haarsstyl, 'n kattebak vol ougoed en die wete dat *Lankal Mooi*, Altyd Mooi is!

*- Annelie van Wyk*
*Senior Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie*



*Faceboek @ Lankal Mooi  Sanet 082 8500 343*


DER KELDERMEISTER

## TOP 10 WINES

1. Van Loveren Java Pinotage
2. Jakkalsvlei Pink Moscato
3. Beyerskloof Pinotage
4. Van Loveren Sauvignon Blanc
5. Perdeberg Soft Smooth Red
6. Van Loveren Neil's Pick Colombar
7. Van Loveren River Red
8. Jakkalsvlei White Moscato
9. Zandvliet My Best Friend Red
10. Springfield Life From Stone Sauvignon Blanc

# THE SOUTHERN CAPE BEEKEEPING INDUSTRY ASSOCIATION




The Southern Cape Beekeeping Industry Association (SCBIA) is a group of dedicated beekeepers who are passionate about beekeeping and work to provide its members with the necessary information and resources to become successful and responsible beekeepers. The association is governed by a committee made up of experienced beekeepers who are committed to promoting ethical and professional beekeeping practices in the area. The current committee members are  Andre de Jager, Kobus Vos, John Stoltz, John Hayes, Heinrich Van Niekerk, and Deidre Pretoruis

At SCBIA, we understand the importance of quality honey and the impact that honey fraud can have on the industry. As such, we provide our members with the latest information and techniques to prevent honey fraud and ensure that they produce and sell quality honey. We also emphasize the use of eco-friendly pollination practices, as these are essential for the health of the environment and the sustainability of the industry.

Our association is committed to providing beekeepers with the tools and support necessary to ensure the safe removal of bees from residential and commercial properties. We provide resources and training to our members to safely and humanely remove bees and relocate them to more suitable areas.

SCBIA has a strong online presence, which makes it easy for beekeepers and those interested in beekeeping to connect with us. Our website at www.skbv.co.za is regularly updated with the latest news, events, and resources related to beekeeping in the Southern Cape. We also have an active Facebook page where members and interested parties can connect, share their experiences, and learn from each other. If you have any questions about beekeeping or would like to get involved with SCBIA, we encourage you to reach out to us at www.scbia.org.za.



Die SSK-streek juig oor die milde reën wat ons ontvang!
Foto: Erika Stapelberg

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | FEB 2023 | MAART 2023 | APRIL 2023 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 89 | 39 | 7 |
| Albertinia | 16 | 86 | 30 |
| Ashton | 2 | 134 | 11 |
| Avontuur | 123 | 116 | 24 |
| George | 70 | 82 | 51 |
| Heidelberg | 34 | 148 | 32 |
| Herold | 52 | 66 | 20 |
| Joubertina | 24 | 67 | 21 |
| Karringmelks | 33 | 113 | 34 |
| Knysna | 99 | 115 | 54 |
| Misgund | 34 | 96 | 33 |
| Mosselbaai | 53 | 91 | 35 |
| Protem | 44 | 145 | 27 |
| Plettenbergbaai | 33 | 66 | 46 |
| Riversdal | 33 | 125 | 30 |
| Swellendam | 49 | 106 | 35 |
| Uniondale | 21 | 76 | 6 |

**Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.**

# GERAT VIR DIE SEISOEN!



Langkloofplase se nuwe New Holland T6050 Oop Stasie trekker V.l.n.r: Mnr. Andre van Rooyen (Bemarker, SSK Meganisasie: George) en Mnr. Paul Marais (Bestuurder – Langkloof Plase).



AG Joubert Boerdery het onlangs 'n New Holland T7060 kajuit trekker en 'n Amazone ZAV2000 presisie strooier aangeskaf. V.l.n.r: Mnre. Jorrie Jordaan, Geoffrey Joubert, Johannes Joubert en Francois Swanepoel.



Kweekkraal Trust is die trotse eienaars van twee New Holland trekkers. V.l.n.r: Mnre. Armandt Horne, Francois Swanepoel, Jean-Jacques Malherbe, Francois Malherbe, Radandt Malherbe en Jorrie Jordaan.

# LANGDIENS ERKENNING

**35 JAAR:** Annaleen van Wyk

**30 JAAR:** Jeffrey Pike, Jan Liebenberg, Hannes Ackermann

**20 JAAR:** Ollie Burger, Envir Francke, Sicelo Mdliwa, Conrad Pietersen, Edwin Esau, Elrico Klaasen, Garth Esau, Dial Blou

**15 JAAR:** Casper de Jager, Janine Appolis, Monique Smith, Sturgess Kortje

**10 JAAR:** Christo Slingers, Bennie Basson, Arthur du Plessis, Len Williams, Recardo Juries, Vissie Visser, Andre Wentzel, Riano Snyman



**Emmie Germishuys, senior Bestuurder: Finansies wens Annaleen van Wyk, Administratiewe Beampte geluk met 35 jaar diens.**



**André van Wyk (Takbestuurder: Agriland, Swellendam) wens Jeffrey Pike (Algemene Werker) geluk met 30 jaar diens.**



**Arend Geldenhuys (Silo Bedryfsbestuurder: Heidelberg) wens Jan Liebenberg (Algemene Werker) geluk met 30 jaar diens.**



**Marius Terblanche (Werkswinkel Bestuurder) regs, wens Hannes Ackermann (Passer-en Draaier, Heidelberg) geluk met 30 jaar diens.**

## VOORWAAR 'N PORTRET VAN SUKSES!



Foto: Villiers van Veen

SSK Versekering is onlangs deur Old Mutual aangewys as die "Top Broker of the Year" vir die Wes-Kaap, vir volgehoue sukses oor die afgelope 3 jaar. V.l.n.r: Jacqueline Gounden (Old Mutual: Business Development Manager), James Ackhurst (Bestuurder: Versekering) en Mic Gildenhuys (Versekeringsadviseur).

## LANDBOU-OGGEND BY SWELLENDAM LANDBOUSKOU

**'n Besondere interessante landbou-oggend, met prof. Theo Venter as spreker is in Maart by die Swellendam Landbouskou aangebied.**



Foto: Hugo Lochner van Plaasmedia

Pieter Malan (Hoofbestuurder: Graandienste), Theo Venter (spreker) en Francois Swanepoel, (Hoof Uitvoerende Beampte).



Foto: Hugo Lochner van Plaasmedia

V.l.n.r: Toit Wessels (Graan SA), Daniel Rossouw (Nedbank), Suzaan Smit (Skoupresident), dr. Pieter Taljaard (Hoof Uitvoerende Beampte van Graan SA), Prof. Theo Venter en Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte). Meer as 200 mense het die geleentheid bygewoon.

## ONS GROET GRACE ALLEY, ADMIN BEAMPTE MOSSELBAAI



Grace Alley (Admin beampte) was vir 19 jaar die bekende fluweelstem wat ons fone beantwoord het en die vriendelike gesig by die Mosselbaai Admin voordeur. Sy was skakelbeampte, diplomaat en vriendin. Ons gaan haar mis! V.l.n.r: Jurie Geldenhuys, Johan Louw, Oeloff Badenhorst, Alba Botha, Laetitia du Plessis, Minette van Schalkwyk, Grace Alley, Annelie van Wyk, Gerda Geldenhuys, Andre du Plessis, Naomi Engelbrecht en Jan Weys.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za

Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Characters, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.

SSK

www.ssk.co.za